

Die meester van die kandidate moes vanjaar weer, onder moeilike omstandighede, dalk ná werk by 'n aandskool of selfs op hul eie, voorberei vir hierdie vraestel waarin hulle vyf verskillende skryfstukke binne 2 en 'n halfuur moet produseer.

Oor die meeste van die onderwerpe in Afdeling A kon hulle interessant en uitondervinding skryf of het hulle uitgesproke menings. Dis jammer dat die leerders op skool nie die soms hartroerende verhale kan lees wat geskryf is oor die onderwerpe:

“Waarom o waarom’ en “Daardie dag sal ek nooit vergeet nie”.

Dis jammer die leerders op skool kan nie van die opstelle lees waarin die skrywers vertel hoe hul lewens onherroeplik verander is as gevolg van onbeplande swangerskappe en waarom hulledus nu eers inskryf in die hoop dat hulle matriek kan maak sodat hulle bevordering by die werk kan kry of om beter werk kan aansoek doen.

Oor dissipline op skool moes die kandidate 'n beredenerende opstel skryf. Let daarop dat dit impliseer dat beide kante van 'n onderwerp gestel moet word, inteenstelling met 'n argumenterende opstel waarin een standpunt voorgestaan en geprogrameer word. Die onderwerp oor dissipline op skool en die moontlike oplossings daarvoor was 'n gewilde onderwerp.

Probleme/leemtes/opmerkings:

1. Die fout wat die meeste voorkom, is swak **paragrafering** of soms selfs geen paragrafering nie. Gee aandag hieraan en oefen dit gereeld in. Daar is steeds kandidate wat nie 'n reël tussen paragrawe ooplaat nie. Kandidate wat wel aandag gegee het aan paragrafering het gewoonlik ook 'n duidelike inleidings-en 'n slotparagraaf.
2. Leerders of kandidate moenie in **HOOFLETTERS** skryf nie.
3. Dis baie belangrik dat die skrif leesbaar moet wees.
4. Gebruik die foute wat leerders in hul stelwerk maak as 'n geleentheid om taalonderrig te gee. Nie net korrekte spelling nie, maar ook voorsetsels, die lydende vorm, die korrekte woordorde, ens. Kan behandel word.